Skriflesing: Lukas 21:7-19; 25-28
Teks: **Lukas 21:13**
Sing- Ps. 18:1,8; Ps. 119:60; Ps. 146:7,8; Ps. 114:1,4

Lukas 21:7-19; 25-28
Luk 21:7 En hulle vra Hom en sê: Meester, wanneer sal dit dan wees, en wat is die teken wanneer dit gaan gebeur?
Luk 21:8 En Hy antwoord: Pas op dat julle nie mislei word nie; want baie sal onder my Naam kom en sê: Dit is ek! en: Die tyd is naby! Gaan dan nie agter hulle aan nie.
Luk 21:9 En wanneer julle hoor van oorloë en opstande, moenie skrik nie; want dié dinge moet eers plaasvind, maar dit is nie dadelik die einde nie.
Luk 21:10 Toe sê Hy vir hulle: Die een nasie sal teen die ander opstaan en die een koninkryk teen die ander.
Luk 21:11 En daar sal groot aardbewings op verskillende plekke wees en hongersnode en pessiektes; en daar sal verskriklike dinge en groot tekens van die hemel kom.
Luk 21:12 Maar voor al hierdie dinge sal hulle die hande aan julle slaan en julle vervolg en oorlewer in sinagoges en gevangenisse en julle voor konings en goewerneurs bring ter wille van my Naam.
Luk 21:13 En dit sal vir julle uitloop op ‘n getuienis.
Luk 21:14 Neem julle dan in jul harte voor om nie vooraf oor julle verdediging te dink nie.
Luk 21:15 Want Ek sal aan julle woorde en wysheid gee wat al julle teëstanders nie sal kan teëspreek of weerstaan nie.
Luk 21:16 Maar julle sal oorgelewer word ook deur ouers en broers en bloedverwante en vriende, en hulle sal van julle doodmaak.
Luk 21:17 En julle sal gehaat wees deur almal ter wille van my Naam.
Luk 21:18 En geen haar van julle hoof sal ooit verlore gaan nie.
Luk 21:19 Deur julle volharding moet julle jul lewe in besit kry.

Lukas 21:25-28
Luk 21:25 En daar sal tekens wees aan son en maan en sterre, en op die aarde benoudheid van nasies in hulle radeloosheid, wanneer see en branders dreun,
Luk 21:26 en mense se harte beswyk van vrees en verwagting van die dinge wat oor die wêreld kom. Want die kragte van die hemele sal geskud word.
Luk 21:27 En dan sal hulle die Seun van die mens sien kom in ‘n wolk, met groot krag en heerlikheid.
Luk 21:28 En as hierdie dinge begin gebeur, kyk dan na bo en hef julle hoofde op, omdat julle verlossing naby is.

Skriflesing: Lukas 21:7-19; 25-28
Teks: **Lukas 21:13**
Sing- Ps. 18:1,8; Ps. 119:60; Ps. 146:7,8; Ps. 114:1,4

Ons staan vandag weer by Hervormingsondag- Broeder en suster, dit wat die kerke van die reformasie hierdie Sondag altyd laat afmerk as ’n besondere baken wat name soos Martin Luther, Johannes Calvyn, Huldrich Zwingli, John Knox, Heinrich Bullinger, Maartin Bucer, Melanchton (Luther se opvolger) klomp name van mense wat in die 16de eeu ons bring by 31 Oktober 1517. Dit is goed bekend. Op daardie dag het Martin Luther 95 stellinge teen die kerkdeur van die Slotkerk van Wittenberg vasgespyker. Met hierdie hamerdaad het Luther eintlik maar net bedoel dat sy vakgenote met hom in diskussie moet gaan oor die aflaatstelsel wat in die Roomse kerk totaal handuit geruk het. Die aflaat waar geglo word dat mens deur

betaling van geld verlos kan word as jy gesterf het en jy dan in die vagevuur kwytskelding van jou straf ontvang. Totaal iets onbybels, wat deur en deur bewys het hoe ver en hoe diep die verval in die Roomse kerk reeds was.

Luther se aanvanklike doel met hierdie stellinge was dat daar net ’n vorm van besinning (en diskussie)moet kom, maar nooit het die eenvoudige kind van ’n mynwerker besef dat daar in die geloof met hierdie daad baie dieper gegrawe sal word as wat enige myn se diepte ooit kan wees.

Altyd moet ons onthou dat Luther is eintlik nie die eerste wat wakker geskrik het oor wat alles in die Roomse kerk so afgedwaald geraak het nie, want die voorlopers tot die hervorming het al in die 14de eeu begin. In England het John Wycliff wat in 1384 oorlede is al baie van die Roomse dwalinge soos bv. die transsubstansiasieleer by die nagmaal bestry. Die Roomse konsilie was so kwaad vir Wycliff dat hulle 30 jaar na sy dood (in 1417- mooi honderd jaar voor Luther se stellinge) hom weer opgrawe omdat hy dan deur hulle konsilie tot ketter verklaar kon word en die bietjie bene wat nog daar was tot as verbrand want moet hy en sy leringe totaal en al uitgeroei word. Nog ’n voorloper tot die hervorming was Johannes Hus, iemand wat in vandag se Tsjeggo-Slowakye gelewe het, en het Wycliff se standpunte nog duideliker wou maak. Hy het veral die pouslike hiërargie bevraagteken en is in 1415 lewendig verbrand Ons sou ook groepe van mense kon noem as voorlopers tot Luther se daad, so vêr terug soos die Waldense in die 12de eeu, waar hierdie leke-predikers in 1177 die Bybel in hulle eie taal in die suide van Frankryk vertaal het en hulle lande deurreis net om die Evangelie te verkondig. Hulle is al swaar vervolg. Ook die “Broeders des Gemenen Levens” met die stigter Geert Grote met ’n klompie helpers uit die Nederlandse dorpie Deventer, waar hulle tipe van Bybelstudiekringe gevorm het, genoem broederhuise/skole waar hulle in eenvoud die Bybel in hulle eie taal wou lees en bestudeer. Dit het tot duisende Nederlanders in daardie tyd gespreek.

Lande, volke, wêrelde is dus al voor die tyd geraak gewees, Tsjeggo-Slowakye met Hus, England met Wycliff, Italië, Florence met Savonarola, Wessel Gansfort weer ’n Nederlander uit die Broeders des gemenen levens geledere, maar Gansfort trek rond en preek. Ja Luther het ook Gansfort se geskrifte hoog geag. Selfs het daar mense begin om vir Gansfort die Lux mundi- lig van die wêreld te noem... Dit alles lank voor die 16de eeu...

***

Maar broeder en suster, ons het so pas 'n gedeelte uit God se Woord gelees wat as teksvers die woorde bevat- *En dit sal vir julle uitloop op 'n getuienis...* Hoekom het ek nou só 'n teks gekies. Om baie redes wat ons by die herdenking aan die Hervorming nie kan verbygaan nie. Ons het in Lukas 21 te doen met dinge wat besonder negatief gaan uitwerk. Daardie negatiewe omstandighede in Lukas laat ons besef hoe dinge uitloop... Daar is ook die ander uitloop wat op hierdie Hervormingsondag so 'n groot saak vir ons moet wees, as ons besef die positiewe uitloop, die positiewe ontluiking wat hier staan...

Dit gaan primêr oor waarop dinge kan *uitloop...* Dit is eintlik in die Grieks 'n interessante woordjie, hierdie woord uitloop **ἀποβαίνω** apobaino . Johannes 21:9 lees die Afrikaans- ***9*** *En toe hulle geland het* (letterlik staan hier - toe hulle uitloop, toe hulle op die grond kom, op die strand kom) *, sien hulle 'n koolvuur op die grond en vis daarop lê, en brood.* Johannes 21 bevat die aangrypende verhaal van Jesus wat na sy opstanding daar op die strand gestaan het by die see van Galilea, ja nog nader by die meer van Tiberias en sy dissipels het 'n sware nag agter die rug. Hulle het geen vis kon vang nie. Van vêr het hulle die gestalte op die strand gesien. Min het hulle geweet waarop dinge kan uitloop. Dit loop uit op wat ons van verskillende kante kan sien. Dit loop uit, natuurlik op die groot visvangs. Dit was 'n geweldige wonder. Hulle wat die hele nag niks kon vang nie, nou soveel vis, dit loop uit... die net wil skeur.

***

Hier is veral drie manne se uitloop van besondere belang. Jakobus, Petrus, Johannes, drie manne wie se uitloop ons aangryp, want is hulle die manne wat by die verheerliking op die berg was, hulle is in besonder die getuies van Jesus se stryd in Getsémané, hulle drie is baie duidelik pilare in die kerk van Christus, ja hulle drie, die uitloop van hulle, kan ons maar sê loop uit op drie soorte christene wat ons op hierdie aarde kry.

Jakobus, al baie vroeg het hy die bynaam gehad, met sy broer- *Boanerges*- seuns van die donder... Jakobus wat vra na aksie, na werk, na plig, dinge moet gedoen word. Hy sal raas soos die weer kan dreun as dinge nie gebeur nie, hy vra bewyse van geloof, dis Jakobus...Jakobus sal redeneer en argumenteer, daar op die strand soek hy bewyse, wie se gestalte kan dit tog wees?

Petrus daarenteen, ons weet van baie negatiewe dinge van hom, tog het Petrus se geloof gewerk deur die hoop wat laat lewe. Hy was die man van daad om te bely, terwyl Jakobus

die man van daad was om te doen en te raas en te argumenteer. Om te doen- Jakobus, om te bely-Petrus . Petrus wat die eerste grootste belydenis oor Christus kon uitspreek, groter as wat daar ooit kon wees- *U is die Christus, die Seun van die lewende God...* tog op die strand dan is Petrus anders as Jakobus. Toe Petrus hoor Wie daar op die strand staan, is hy weer sy impulsiewe self, dadelik spring hy uit, want voel hy sy naaktheid, maar dit wil tog lyk hy stap dadelik na Christus toe- dit loop uit- hy kan nie nog wag dat hierdie sware skip eers uitkom nie en hierdie uitloop van Petrus het uitgeloop op die drie swaarste vrae wat daar seker nog ooit aan hom gevra sou word- *Simon, seun van Jona het jy my waarlik lief?*

As Jakobus die man van doen genoem kan word, Petrus die haastige wat hoopvol voortgaan, dan is daar ook nog Johannes wat eintlik op hierdie oomblikke 'n juweel tussen hierdie drie vorm. Johannes wat nie vra wat jy doen nie, hy vra ook nie wat is jou hoop nie, Johannes kom nog dieper, in werklikheid gaan dit vir Johannes om <u>WAT IS JY VOOR GOD...</u> Dit is dié Johannes wat antwoord, toe Jakobus, toe Petrus nog wonder Wie daar op strand staan, dan sê Johannes- <u>DIT IS DIE HERE!</u> Dit is waarop dit vir Johannes uitloop... By Johannes het sy geloof nie eerstens deur dade gewerk soos by Jakobus nie, Johannes se geloof werk ook nie eerstens deur hoop, soos by Petrus nie, maar hy maak die driehoek toe, niks moet uitloop nie.

Johannes se geloof werk deur die liefde. Die groot vraag in Johannes se lewe kan ons seker maar laat sê hoe kan ek die Here waarlik liefhê? Johannes het dinge op die liefde laat uitloop, want op sy siel was afgedruk dinge wat naby die Here is. Dit waarvoor die Here lief is... Dit is hy (Johannes) wat met die instelling van Nagmaal op die bors van Jesus lê, hy hoor as't ware die Here se hartklop as die Nagmaal ingestel word. Johannes praat dikwels van dinge wat gebeur en wat op liefde moet uitloop. In besonder gaan dit in die Johannes-evangelie- *So lief het God die wêreld gehad...* (Joh. 3:16). As Johannes van homself in sy evangelie skrywe dan sê hy nie dit is ek Johannes met wie dit gebeur het nie, hy maak gewoonlik melding van die dissipel vir wie Jesus liefgehad het, wat van hierdie dinge getuig... Dit is waar dit vir Johannes op uitloop... So vorm die dade, die hoop, die liefde iets wonderlik saam. Juis op daardie oomblik toe die dissipels ons teksvers inlei ... *toe hulle geland het...* (Joh. 21:9)

***

Maar nou het ons op hierdie Hervormingsondag Lukas 21 gelees. Dit gaan nie oor mense wat letterlik van die see na die land uitloop nie, daar waar Johannes 21 dui op letterlik van die skuit na die strand, na die grond beweeg nie, maar tog sê die Here ook vandag vir ons wat

Hervormingsondag vier- *En dit sal vir julle uitloop op 'n getuienis...* Kan ons nog altyd saampraat met waarop die Hervorming vir ons uitgeloop het- dit is die vraag wat ons by hierdie preek maar heeltyd in die agterkop moet bly hou...?!

Die uitloop in Lukas 21 wys op geweldige dinge... Hier word van baie swaarkry-dinge gepraat. Teenslae wat mense sal tref. Swaarkry-geleenthede... Iewers het ek gelees dat 'n mens sien hier in die geestesoog 'n lelie tussen die ashope groei, of het iemand anders weer gesê dat hier fladder 'n vlinder tussen die bouvalle rond... Die tekens van die tye, ons kan dit maar net noem, oorloë, gerugte van oorloë, daar sal hongersnode wees, pessiektes, aardbewings op verskillende plekke, benoudheid en radeloosheid van nasies wanneer die see en die branders dreun (moontlik met tsunami's verband?!) , allerhande valse messias-voorspellings, *kyk Hy is die woestyn- moenie uitgaan nie*, - *kyk Hy is in die binnekamer- moet dit nie glo nie....* Nog 'n teëstelling met waarop die tekens van die tye gaan uitloop... *En die liefde sal verkoel...* Dit so in teëstelling met wat ons by Johannes gesien het, die apostel van die liefde, hy wie se geloof deur liefde gedra word, maar beleef ons dit nie hoe liefde in die yskas beland het nie... hoe is die liefde nie besig om te verkoel nie... ons sien dit elke dag ...dit word selfs 'n kerklike belewenis! Daar kan seker ten minste tien teenslae en dinge wat mense laat swaarkry hier onderskei word, dit waarop dinge sal uitloop... Daardie uitloop om uit die noute van die skuitjie uit te klim, op die land te kom en te getuig- DIT IS DIE HERE... Sal dit u getuienis vanuit die Hervorming ook kan wees?!

***

Baie dinge wat inmekaarstort, verskriklike dinge wat gebeur, ons staan verslae met wat in Nairobi gebeur het, in daardie winkelsentrum, ons word deur mense wreedheid en mense vermoëns ineen verstom. Mense wat 'n jongedogter wil afmaai net omdat sy pleit dat hulle as meisies en vrouens ook geletterd wil wees, of dink maar net aan die duisende mense in Sirië hierdie afgelope tye afgemaai... ag broeder en suster, die voorbeelde wat mens kan noem om aan te dui die dinge in Matt. 24 en die dinge in Luk. 21 gebeur, is so duidelik, 'n blinde moet dit met 'n stok kan voel (Art 5 Nederlandse Geloofsbelydenis - waarna ons verlede Sondag gekyk het).

Die Nederlandse geloofsbelydenis (die oudste van ons besondere belydenisse uit die Hervorming, vanaf 1561), die Kategismus, vanaf 1563, wat vanjaar 450 jaar oud is, word elke keer bevestig, ons sonde, ons ellende, die diepte van ons haat, dit waartoe die mens geneig is, dit waartoe ons in staat is, om God en ons naaste te haat... Geliefdes, sien u dit ook

raak...? Dit wat die Kategismus as wonderlike belydenis vanuit die hervorming, vanuit die reformasie in sy eerste uitloop by uitkom... V/A5 – daar is die antwoord- ***ek is van nature geneig om God en my naaste te haat***. Sondag 3 wys in verdere besonderhede hoe verdorwe ons natuur is...hoe verdorwe ons natuur geraak het. Die vraag natuurlik by al hierdie dinge is of dit werklik by ons die uitwerking het soos wat Jesus dit hier stel- *dit sal vir julle uitloop op 'n getuienis...* Ek klim uit my beskermende skuitjie, uit my beskermende omgewing, uit die kokonne waarin ek my heeltyd verbeel ek is so beskut, so beveilig, want ek is... ek ... tot die dag wanneer dit ons ook tref, geliefdes. Baie van ons staan midde hierin- siekte, armoede, werkloosheid, dood. Die uitloop hiervan...

***

In Lukas 21 het ons 'n besondere oog vir wat die verkeerde kerk aan 'n mens kan doen. Dit begin duidelik by Lukas 19. Lukas 19 het Jesus triomfantlik Jerusalem ingery maar dan word die mens dadelik in sy sonde en haatlikheid blootgelê, veral waar dit die kerk raak. Vanaf Lukas 19 is Jesus se bedrywighede baie rondom die tempel gesentreer. Die tempel word weer gereinig (19:45-46), daar word allerhande strikvrae en twisvrae uit die tempel, uit die kerk gevra, ja hoe baie keer is die kerk besig om eintlik mekaar te wil uitoorlê, is ons met twiste en strikke besig, soos hulle met Jesus wou doen (hfst. 19 se einde en hfst. 20 is vol hiervan). Jesus gee 'n duidelike waarskuwing teen hulle wat as skrifgeleerdes bekendstaan, pasop vir mense, in besonder is teoloë baie keer van die gevaarlikste (20:45-47). *Hulle eet die huise van die weduwees en doen vir die skyn lang gebede...* Teenoor hierdie kamtige hoog óp mense vestig Jesus dadelik die oog op die ander lidmaat, die weduwee met haar klein kollekte, wat sy in die sakkie gegooi het, sal gou getel word, maar Jesus weeg, Hy tel nie, sy wat die laaste wat sy het ingegooi, twee geldstukkies... die Here gee 'n aangrypende slot oor haar- ***4*** *Want hulle almal het uit hul oorvloed by die gawes van God ingegooi, maar sy het uit haar gebrek ingegooi alles wat sy gehad het om van te lewe.*

***

En dan is Jesus in die midde van wat ons moet besef dinge op gaan uitloop. Kerklik gaan daardie tempel waaroor daar so min positief oor gesê kan word, gaan dit vernietig word. Al het hulle al op daardie stadium 46 jaar aan hierdie indrukwekkende gebou gewerk (vgl. Joh. 2:20), daar gaan niks oorbly nie.

Broeder en suster, ons sou nog baie hierop kon uitbrei, hoe die Here baie lank en baie intens gewaarsku het teen kerklike bankrotskap, wat eintlik impliseer geestelike bankrotskap. Dit wat op die einde die reformasie ook so nodig gemaak het, maar wat weer baie duidelik

gebeur. Ons leef in ’n tyd waar baie mense kerklik en geestelik voel hulle is in die steek gelaat, iets van ’n moderne bankrotskap. Wanneer die tekens van die tye plaasvind dan val dit nie maar uit die lug nie, dit is alles aanduiding van mense het baie meer vrae as antwoorde... mense is in baie opsigte geestelik bankrot. Wanneer die tempel se stene omval besef wat het hulle met die werklike tempel, die lewende Steen Jesus Christus gemaak.

Die diep vrae wat uit die tyd van die hervorming gevra was, vrae waarop die hervormers probeer het om antwoorde te gee, is steeds geweldig aktuele en belangrike vrae. Die hervormers het nie oppervlakkige antwoorde gegee nie, dit getuig die diepgang van die belydenisskrifte, die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Kategismus, die Dordtse Leerreëls in besonder. Die vraag na waar kom die kwaad en die boosheid vandaan, die vraag na wie is ek, wat is die sin van my bestaan, wat maak ek hier... dit is aktuele vrae broeder en suster, wat die mense van die reformasie geruk het en ons moet ruk.

Die SINVRAAG- die vraag na die sin van my bestaan moet kom by die GODSVRAAG. Dit alles afhanklik van die groot vraag- het ek God werklik nog lief? Kan ek met my hele hart met Johannes saampraat- DIT IS DIE HERE... Hoor u die Here dit vir Petrus vra- *Simon, seun van Jona het jy my waarlik lief...*

***

Mag hierdie dinge op hierdie Hervormingsondag werklik uitloop op ’n getuienis, soos wat die 16de eeu uitgeloop het op ’n getuienis wat ons dikwels nog weer die name van Luther en Calvyn hoor... U naam moet langs hulle name geskrywe staan want hulle het maar net wou getuig waaroor u en ek nou nog oor moet getuig. Dit sluit Lukas 21 se einde van ons gelese gedeelte nie uit nie. In Psalm 114 lees ons ook iets van die aangrypende. In die Bybel staan dat die Here die rots verander het in ’n waterplas, die keisteen in ’n waterfontein... Totius het die laaste vers berym as **’n springfontein het uitgebreek waar eers ’n klipsteen was...**

***

Lukas 21 vanaf vers 25- staan van die groot temas in die tekens van die tye bevestig. Mense wat radeloos sal wees, daar sal benoudheid op die aarde wees, selfs die son en die maan en die sterre dra tekens van menslike benoudheid. Die gat in die osoonlaag is seker nie hierby uitgesluit nie. Die verklaring van die osoonlaag is die boonste atmosfeer, tussen 15 en 35 km bo die aarde, waar 'n hoë konsentrasie van osoon aangetref word, wat die skadelike ultravioletstrale v.d. son moet absorbeer en gevolglik die aarde daarteen beskerm... Jesus sê o.a. in sy profetiese rede die tekens aan die son vorm deel van wat die mens op aarde se hart

kan *laat beswyk van vrees en verwagting van die dinge wat oor die wêreld kom...* Die kragte van die hemele sal geskud word.

***

Maar dan staan vv 27-28 so troosvol op hierdie Hervormingsondag. ***27*** *En dan sal hulle die Seun van die mens sien kom in 'n wolk, met groot krag en heerlikheid.* ***28*** *En as hierdie dinge begin gebeur, kyk dan na bo en hef julle hoofde op, omdat julle verlossing naby is.* In hierdie verse word die wonderlike uitloop van die werk van die Heilige Gees nie onderskat nie. Ons mag ook die werk van die Gees in ons tyd nie onderskat nie. Wanneer 'n mens in moeilike tye jou kop kan optel soos vers 28 dit noem, dan kan dit alleen gebeur deur die krag van die Heilige Gees. Ons kyk verby baie swaar dinge en sien ons verlossing kom. Die groot vraag is vertrou ons werklik nog genoeg op die bystand van God deur sy Heilige Gees. Selfs die baie swaar dinge wat vir ons sal uitloop op 'n getuienis dat Jesus die Here is. Ja, die woorde in Rom 8:28 word vas en sigbaar - ***28*** *En ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk, vir hulle wat na sy voorneme geroep is.*

Op hierdie Sondag gemerk as Hervormingsondag op die kalender van 2013 is daar geeneen wat weet hoe vêr ons op die kalender van God is nie, maar ons weet wel die tye loop vol, die tye is swanger van die einde... Mag ons vandag nie net praat oor die uitloop van die Hervorming in die 16de eeu nie, nee mag hierdie getuienis uitbreek tot 'n springfontein waar eers 'n klipsteen was, mag ons deur die Gees van God werk dat ons hervorm sal word.

Ja, Psalm 114 waar die water uit die rots loop, dit wat die Psalm sekerlik besing, dit wat in die woestyn gebeur het, daardie uitloop in Numeri 20 daardie rots wat Moses nie die woord vertrou het deur net met die rots te praat nie, maar hy daardie rots met wat eens 'n gebloeiselde staf van Aaron was geslaan het, dit het gemaak dat Moses die beloofde net kon sien en nie ingaan nie. Ons moet die woord vertrou, nie wil slaan nie. Die water wat daar uitloop sien tog so duidelik op die Heilige Gees, die rots is Christus Self, uit Hom kom die Heilige Gees as ek 1 Kor. 10 reg verstaan, dit is so 'n positiewe saak in 'n negatiewe tyd wat ons moet aangryp. Moet nie Christus wil slaan nie, maar vertrou op sy Woord. Hy wat praat....

Die boodskap van die hervorming moet uitloop maar groter nog toe Jakob deur God in die Jabbok mank geslaan was, hy was stukkend, maar tog is hy oorwinnaar, hy is ook nie meer Jakob nie, maar Israel- VORS VAN GOD... Daardie naggeveg in Jabbok het vir Jakob

uitgeloop op ’n groot hervorming in sy eie lewe. Petrus, Jakob, Johannes, hulle land op die strand, maar hulle landing is ’n uitloop... dinge loop uit op daadkrag, op krag van hoop, op die krag van ware liefde, ja die Skrif is vol van die getuienisse wat uitgeloop het, die getuies, die martelare vir God se kerk is baie. Mag dit wees dat die kern van die reformasie ook nog weer vir ons mag uitloop op ’n getuienis wat net van God is.

AMEN